DUBBELE PLEKNAME AS VERSOENINGSMEGANISME BINNE DIE KONTEKS VAN POLITIEKE TRANSFORMASIE IN SUID-AFRIKA

'n Besprekingsdokument ondersteunend tot 'n voorstel vir Nasionale Konsensus rakende Plekname.

DIE AFRIKANERBOND

"Ons moet 'n gedeelde nasionale benadering tot die verandering van geografiese en plekname verseker. Dit moet 'n geleentheid wees om alle Suid-Afrikaners te betrek in die vorming van 'n nasionale identiteit, en ons bewustheid oor ons geskiedenis en erfenis verdiep." President Jacob Zuma in die Stand van die Nasie toespraak: 3 Junie 2009

DUBBELE PLEKNAME AS VERSOENINGSMEGANISME BINNE DIE KONTEKS VAN POLITIEKE TRANSFORMASIE IN SUID-AFRIKA

1. INLEIDING

Suid-Afrika se geskiedenis en kulture word weerspieël in die rykdom van geografiese eiename, soos Ixopo, Nababeep, Mafikeng, Cookhouse en Klerksdorp. Hierin lê die verslag van diversiteit van `n land en sy mense, sy eeue se geskiedenis en sy demografiese rykdom.

Soos enige ander geskiedenis, is die geskiedenis van Suid-Afrika natuurlik nie net `n positiewe verhaal nie, en daarom sal ook hierdie seer en die onreg van die verlede in geografiese naamgewing vasgevang wees. Dat sodanige kwetsende herinneringe uit die pleknaamlys ter wille van versoening verwyder moet word, is aanvaarbaar. Dit is egter wanneer plek- of staatname verander word sonder duidelike oorweging dat naamsverandering direk in die pad van nasiebou kom staan en geen bydrae tot versoening in Suid-Afrika lewer nie.

In die *Stad Kaapstad se Gewysigde beleid op die naamsverandering van strate, openbare plekke, natuurgebiede, en geboue, fasiliteite en artefakte in raadsbesit van 24 April 2003* word die kwessie van naamgewing en die belang van name soos volg omskryf:

- Name is belangrike liggingsinstrumente en navigasiehulpmiddels vir ’n voorspelbare, bestuurbare en ordelike omgewing, en skep ‘n “plekbesef”.
- Name verteenwoordig die begin en einde van reise of bestemmings.
- Name is plekbakens en fokuspunte deur simboliek, assosiëring en herinnering.
- Name het kragtige positiewe of negatiewe betekenisse vir mense, en bied geleenthede om eensgesindheid binne ‘n gemeenskap te bevorder, of pyn en verdeling te vererger.

. Waar Suid-Afrika – nou meer as ooit – ‘n behoefte aan ware versoening het en met opregte dade woorde, aksies en gebare eengesindheid moet bevorder, het oorhaastige naamsveranderinge die potensiaal om groter polarisering in gemeenskappe teweeg te bring.

Die proses van naamsverandering soos dit tans bedryf word, gee aanleiding tot ‘n verdieping in die verdeeldheid tussen verskillende bevolkingsgroepe wat weer aanleiding kan gee tot verdere en onnodige konflik wat nie bevorderlik is vir ‘n suksesvolle Suid-Afrika nie.

Ons sal graag meewerk om in belang van Suid-Afrika ‘n wedersyds aanvaarbare alternatief vir die huidige proses van naamsverandering te probeer vind. Daarom word dit verwelkom dat die regering in Maart 2008 landswye openbare verhore gaan hou oor die hele kwessie van naamsveranderinge. Verder is daar ook ‘n sterk aanduiding (soos wat Minister Pallo Jordan dit gestel het) dat daar gepoog sal word om ‘n nasionale konsensus oor die saak te bereik.

In Mpumalanga het die Emakhazeni-munisipaliteit onlangs die roete van dualisme oftewel dubbelname gevolg en is besluit om Dullstroom se naam amptelik te verander na Dullstroom-Emnotweni. Dit ondersteun ons voorstel baie sterk.

Die dubbele benaming van dorpe, stede, woonbuurte, bergreekse, riviere, damme, landbakens(merke) en selfs snelweë is 'n legitieme internasionale verskynsel wat wydverspreid voorkom en ook deur gemeenskappe en bevolkingsgroepe aanvaar word. Dit behels 'n beleid, uitset en uitkoms waar 'n amptelike pleknaam aanvaar word wat bestaan uit 'n kombinasie van twee vorige name soos byvoorbeeld KwaZulu-Natal in Suid-Afrika of Uluru/Ayers Rock in Australië. In Wes-Europa kom die dubbele benaming van plekke voor in state soos Italië, Oostenryk, Spanje en Frankryk. Dit kom ook algemeen voor in state wat onderhewig was aan koloniale oorheersing en waar daar verskillende tradisionele betekenisse en waardes aan plekke gekoppel word. Die hoofoogmerk van dubbele benaming is kulturele aanvaarding, respektering van minderheidsregte of eensgesindheid tussen verdeelde gemeenskappe.

Die basisaanname in hierdie beknopte ondersoek is dat die huidige proses van naamsverandering die diversiteit van Suid-Afrika negeer asook die emosionele waarde wat aan sommige plekname gekoppel word, onderskat of nie voldoende in ag neem nie. Daar moet dus 'n alternatiewe manier gevind word om die kwessie van eensydige naamsverandering te hanteer. Die vraag raak die moontlikheid, toepaslikheid, die wenslikheid en moontlike voordele van dubbele naamgewing, spesifiek binne die politiek-transformerende Suid-Afrikaanse konteks.

2. DIE KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE REGERINGSRASIONAAL AGTER NAAMSVERANDERINGE

Die rasionaal agter die SA Regering se strategie van naamsverandering kan juis gesoek word in die strewe na politieke stabiliteit. Dit is daarom belangrik om te verstaan dat naamveranderinge plaasvind, nie slegs teen 'n unieke politiek-historiese agtergrond nie, maar ook binne die raamwerk van 'n ontplooiende politieke transformasieproses in Suid-Afrika. Die realiteit is dat Suid-Afrika tans besig is om te transformeer van 'n sogenaamde tradisionele bestel (apartheidsbestel) na 'n moderne bestel (allesinsluitende demokrasie), 'n proses wat – ter beklemtoning - nog lank nie afgehandel is nie.

Tydens die Nasionale en Provinsiale verkiesing van 2004 sowel as by die Plaaslike verkiesing van 2006 het die regerende party in die meeste gevalle 'n oorgrote meerderheid behaal. Daar kan dus tereg aanvaar word dat die meerderheid van die bevolking – demokratiese gesproke - tevrede is met die rigting en snelheid waarmee getransformeer word. Die Regering het derhalwe 'n mandaat om sekere transformerende beleidsinisiatiewe te neem. As deel van die transformasieproses en om stabiliteit onder die massas te bevorder het die Regering dus die reg om, tesame met ander transformasie-inisiatiewe (soos byvoorbeeld regstellende aksie, herverdeling van grond en swart ekonomiese bemagtiging), die proses van naamsveranderinge van stede en dorpe deur te

voer en selfs te versnel. Die redes vir die wyse waarop naamsveranderings plaasvind, kan soos volg uiteengesit word:

- Vanuit 'n regeringsperspektief word die pas van transformasie deur naamsveranderinge versnel en stabiliteit vir die meerderheid van die bevolking word moontlik bevorder.
- Die bestaan en legitimiteit van die nuwe bestel word herbevestig.
- Die Regering voer sy mandaat uit.
- Die Regering bewys dat daar wel aan die behoeftes van die meerderheid van die bevolking voldoen word.

Naamsverandering in Suid-Afrika is dus heeltemal 'n legitieme en ook verstaanbare proses. Die wyse waarop dit egter tans geïmplementeer word, bevorder egter nie eensgesindheid en versoening nie. Daarvoor bestaan daar dan ook spesifieke redes wat vervolgens bespreek word.

3. INHERENTE TEKORTKOMINGE IN DIE PROSES VAN NAAMSVERANDERING

Alhoewel daar enersyds in baie kringe (soos aangedui) begrip, asook ondersteuning vir naamsverandering is, kan die manier waarop dit plaasvind negatief impak op die verlangde eenheid binne Suid-Afrika en sekere groepe vervreem op grond van 'n persepsie dat hulle historiese aandeel aan die sukses van Suid-Afrika nie erken word nie. Die argument is dat eensydige naamsveranderinge wel die aspirasies van die meerderheid van die bevolking bevredig en die apartheidserfenis uitwis en moontlik legitiem en aanvaarbaar wees, maar eensydigheid kan egter die geskiedenis en waardes van ander (minderheids)groeperinge in die land negeer. Vanuit hierdie Suid-Afrikaanse perspektief is dit dus noodsaaklik dat voldoende konsultasie en konsiderering van plaaslike geskiedenis moet plaasvind. Die volgende tekortkominge in die proses wat op eensydige politieke besluitneming dui, kan aangestip word:

3.1 Die aanvaarde beginsel van een naam vir een entiteit

In die handleiding van die Suid-Afrikaanse Geografiese Name Raad (SAGNR) (2002:4) word dit duidelik gestel dat daar slegs een naam vir een entiteit mag wees. Hierdie bepaling word as volg bewoord

"One name for one entity. Each individual feature or entity should have one official name"

Die rede vir hierdie bepaling is om verwarring en misverstande uit te skakel en bepaal dat een plek nie meer as een naam kan hê nie. Ofskoon 'n sekere interpretasie van hierdie beleid die moontlikheid van dubbelname uitskakel, word die mening gehuldig dat dubbelname soos KwaZulu-Natal nie twee afsonderlike name vir dieselfde provinsie is nie en dat dit as 'n eenheid gebruik moet word. Dit is dus "one name for one entity". Ons moet dus 'n onderskeid tref tussen twee name vir dieselfde plek, die beginsel wat strydig is met bovermelde beleid, en 'n dubbelnaam vir 'n spesifieke plek wat wel in hierdie voorlegging voorgestel word.

3.2 Oënskynlike gebrek aan goeie navorsing en uitgebreide konsultasie

Die Minister van Kuns en Kultuur het finale seggenskap in terme van naamsverandering. Wanneer 'n studie gemaak word van die funksionele bedryfsaktiwiteite van die SAGNR is dit opvallend dat diepgaande navorsing en konsultasie nêrens as 'n voorvereiste gestel word nie. Daar word eerder 'n klem geplaas op die noodsaak van die standaardisering van plekname. Diepgaande navorsing en konsultasie alvorens 'n naam toegeken of gewysig word, hoef blykbaar gewoonweg nie 'n prioriteit is te wees nie .

Dié tekortkominge lei tot die ongeloofwaardigheid van die proses sowel as verdere verdeeldheid en potensiële onstabiliteit.

4. DIE BETEKENIS EN WAARDE VAN DUBBELE NAAMGEWING AS VERSOENINGSMEGANISME: INTERNASIONALE VOORBEELDE

Enersyds kan dubbele naamgewing eenheid, versoening asook politieke volwassenheid en verdraagsaamheid binne 'n gemeenskap, nasie of staat versimboliseer. Andersyds dui dit op 'n diepe verdeeldheid in 'n gemeenskap, nasie of staat. Vervolgens word eerstens gewys op die legitimiteit en potensiële voordele van dubbele naamgewing. Tweedens word dubbele naamgewing voorgehou as alternatiewe meganisme om versoening binne die kontemporêre Suid-Afrikaanse sosio-politieke konteks te bewerkstellig.

4.1 Dubbele naamgewing as kulturele versoeninginstrument in Australië en Nieu-Seeland

In sekere opsigte bestaan daar ooreenkomste tussen die kulturele en rasgepolariseerdheid in Australië en Nieu-Seeland en die Suid-Afrikaanse situasie. Eersgenoemde twee lande kon versoening tussen verskillende kultuurgroepe bewerkstellig deur die implementering van 'n beleid waar dubbele plekname wel toegepas word. In Nieu-Suid Wallis (Australië) het die dubbele benaming van landbakens soos watervalle, strande, eilande en bergreekse sedert 2001 byvoorbeeld kulturele versoening tot doel. Hierdie suksesvolle kulturele versoening het spesifiek betrekking op die blanke en die nie-blanke (Aborigenes) bevolking in die gebied. Ingevolge die "Geographical Names Act" van 1966 kan die dubbele benaming van plekke slegs plaasvind deur gemeenskapsbetrokkenheid sowel as geskrewe of mondelinge bewyse van die kulturele of historiese waarde van spesifieke plekke vir 'n spesifieke groepering. Die bekende Ayers Rock staan byvoorbeeld, soos reeds genoem, tans amptelik bekend as Uluru/Ayers Rock. 'n Belangrike aspek van bogenoemde prosesse is dus dat dit deelnemend van aard is en gebaseer is op konsensus. Die historiese en kulturele waarde wat aan plekke gekoppel word, word dus in ag geneem alvorens name toegeken word. Sodoende word moontlike verdeeldheid uitgeskakel.

4.2 Dubbele naamgewing as 'n produk van verdeeldheid: die Falkland eilande

Op die Falkland-eilande versimboliseer die dubbele naamgewing van plekke weer die diepgewortelde verdeeldheid oor besitreg van die eilande tussen Engeland en Argentinië. Vir die Britte staan die eilande bekend as die Falklands en vir die Argentyne as die Malvinas. Vir die Britte staan die hoofstad bekend as Port Stanley en vir die Argentyne staan dit bekend as Puerto Argentino. Hierdie antagonistiese tendens van dubbele naamgewing is van toepassing op al die nedersettings en geografiese bakens in en om die eilande. Dit is bekend dat die verdeeldheid so diep geworteld is en was dat dit in 1982 tot die Falkland-oorlog gelei het sonder dat die verskille werklik besleg is.

Alhoewel bogenoemde voorbeelde ter illustrasie dien as voorbeelde van versoening of verdeling moet daar besef word dat dit binne 'n unieke politieke, historiese en kulturele konteks plaasvind. Teen die agtergrond van bogenoemde twee voorbeelde is dit egter noodsaaklik om kennis te neem dat dubbele naamgewing legitiem maar terselfdertyd sensitief is. 'n Gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat dubbele naamgewing wel aangewend kan word as versoeningsmeganisme.

5. DUBBELE NAAMGEWING AS POTENSIËLE VERSOENINGSMEGANISME VIR SUID-AFRIKA

Dis natuurlik nie maklik om die unieke Suid-Afrikaanse situasie te vergelyk met die van ander state nie. Daar moet wel aanvaar word dat die praktyk van dubbele naamtoekenning as alternatief vir die huidige formaat van blote naamsverandering absoluut 'n opsie vir die Suid-Afrikaanse situasie is.

Naamsveranderinge in Suid-Afrika is 'n baie meer sensitiewe, komplekse en multidimensionele proses as in byvoorbeeld Australië en Nieu-Seeland. Binne Suid-Afrika word naamverandering gekoppel, nie net aan kulturele versoening nie, maar ook aan ontplooiende politieke en transformasiedoelstellings. Daar moet dus met baie meer sensitiwiteit te werk gegaan word. Die realiteit is dat die huidige proses waarvolgens naamsverandering plaasvind nie 'n refleksie is van die Regering se leuse van eenheid deur verskeidenheid nie aangesien belangrike minderheidsgroeperings se opinies geheel en al genegeer word. Die proses blyk ook strydig te wees met Hoofstuk 2 van die Grondwet (die Handves van Menseregte, subafdeling 31a) waar gestipuleer word dat kulturele waardes van alle groeperinge beskerm moet word. Inderwaarheid beteken dit dat eenheid bevorder moet word, maar dat verskeidenheid terselfdertyd erken moet word, iets wat tans in die naamveranderingsproses oor die hoof gesien word.

'n Model of proses van naamgewing moet gebaseer word op die unieke historiese en politieke realiteite van Suid-Afrika. Dubbele naamgewing kan juis gebruik word as versoeningsmeganisme in die Suid-Afrikaanse opset. 'n Relevante en suksesvolle voorbeeld van dubbele naamgewing in Suid-Afrika is die benaming KwaZulu-Natal. Die benaming akkommodeer die Zoeloe kultuur sowel as die Engelse kultuur van die streek. Die versoeningsukses van hierdie dubbele benaming word bevestig deurdat dit bykans ongesiens, sonder noemenswaardige teenstand aanvaar, en selfs verwelkom is. Selfs 'n gevestigde

instelling soos die Universiteit van Natal het by die nuwe naam ingeval en sy naam dienooreenkomstig gewysig tot die Universiteit van KwaZulu-Natal.

In Suid-Afrika is daar baie plekke wat reeds dubbele erkende of nie-erkende name het. Die doelmatige gebruik van hierdie reeds bestaande dubbele name kan beskou word as nog 'n ideale geleentheid vir die Suid-Afrikaanse Regering om versoening en eenheid binne die samelewing te bevorder.

6. SAMEVATTING

Benamings soos KwaZulu-Natal, Thlokwe-Potchefstroom Tswane-Pretoria, Makhado-Louis Trichard en Oliver Tambo-Johannesburg Internasionaal kan die volgende positiewe implikasies hê:

- Dit kan die vertrouensverhouding tussen die Regering en belangrike minderheidgroeperings herbevestig.
- Die Regering sal illustreer dat erns gemaak word met transformasie.
- Minderheidsregte word gerespekteer.
- Onnodige administratiewe kostes word uitgeskakel.(verandering na dubbelname sal nie minder administratiewe koste tot gevolg hê as verandering na 'n enkelnaam nie)
- Verdeling en vervreemding word uitgeskakel, terwyl eengesindheid en versoening bevorder word.
- Suid-Afrika se diverse geskiedenis word erken.

Dit kan aanvaar word die meerderheid van die burgerlike bevolking sowel as relevante nie-regeringsinstellings en selfs politieke partye wel die regverdiging agter naamsveranderinge insien. Hierdie erkenning moet beskou word as 'n fondasie van bereidwilligheid waarop die proses verder verfyn en meer deursigtig gemaak kan word. Ter wille van die bevordering van eenheid en versoening sou dubbele naamgewing beslis 'n opsie wees.

7. RELEVANTE BELEIDSDOKUMENTASIE

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, nr. 108 van 1996 soos aanvaar deur die Grondwetlike Vergadering op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996.
SUID-AFRIKA. 2002. Handbook on Geographical Names. Departement van Kuns Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. Pretoria. Regeringdrukker.
Stad Kaapstad se Gewysigde beleid op die naamsverandering van strate, openbare plekke, natuurgebiede, en geboue, fasiliteite en artefakte in raadsbesit van 24 April 2003

oooOOOooo